

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great  
Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexamapers.co.za](http://www.saexamapers.co.za)





Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION



## NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**JUNIE 2024**

**GESKIEDENIS V1  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE:** 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDEN	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onttrek inligting uit bronre.</li> <li>Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronre.</li> <li>Definieer historiese begrippe/terme.</li> </ul>	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Interpretasie van bewyse uit bronre.</li> <li>Verduidelik inligting verkry uit bronre.</li> <li>Analiseer bewyse uit bronre.</li> </ul>	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Interpreteer en evalueer bewyse uit bronre.</li> <li>Skakel met bronre om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.</li> <li>Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronre en kom tot onafhanklike gevolgtrekings.</li> </ul>	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vroegesasseesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vroegesasseesseer moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assesseering van die oop brongebaseerde vroegesasseesseer moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vroegesasseesseer om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vroegesasseesseer

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

\_\_\_\_\_ + \_\_\_\_\_ + \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ + \_\_\_\_\_ + \_\_\_\_\_ ✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord geleei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.



### 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en te reproducere sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

P	<b>Punt:</b> Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	<b>Verduideliking:</b> Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroer die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	<b>Voorbeeld:</b> Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeeld moet gegee word om die argument vol te hou.
L	<b>Skakel:</b> Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling \_\_\_\_\_
- Irrelevante stelling |  
|
- Herhaling R
- Analise A\|
- Interpretasie |\|
- Argument LOA 

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

## KOMMENTAAR

Sommige weglatings in inhoudsdekking.

Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.



## NASIENMatriks vir opstel: Totaal: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING →	Baie goed beplande en gestructureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanceerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestructureerde opstel. 'n Relevant argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestructureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestructureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewyse van 'n gestructureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
INHOUD ↓							
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
<b>VLAK 3</b> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
<b>VLAK 1</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

**\*Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6  
Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

## VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN DIE EKONOMIESE EN POLITIEKE ONSTABILITEIT IN EUROPA IN DIE 1940's AANGESPREEK?

- |     |       |   |  |               |     |
|-----|-------|---|--|---------------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | <i>[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]</i>          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Europa</li> <li>• Asië</li> <li>• Afrika</li> </ul>   | (3 x 1)       | (3) |
|     | 1.1.2 | <i>[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]</i>          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lande kon nie genoeg goedere vir hul eie mense produseer nie</li> <li>• nog minder vir uitvoer.</li> </ul>  | (2 x 1)       | (2) |
|     | 1.1.3 | <i>[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]</i>          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• VSA</li> </ul>  | (1 x 1)       | (1) |
|     | 1.1.4 | <i>[Analise van bewyse uit Bron 1A – V1]</i>              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Om vir invoere te betaal</li> <li>• en skuldbetalings te maak.</li> </ul>   | (2 x 1)       | (2) |
|     | 1.1.5 | <i>[Analise van bewyse uit Bron 1A – V2]</i>              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle het nie geld gehad om goedere te koop nie.</li> <li>• Hulle het geen surplus produkte gehad om te verkoop nie.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 1 x 2) | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | <i>[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]</i>          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit noodsaaklik is vir die handhawing van die beskawing waarin die Amerikaanse lewenswyse gewortel is.</li> </ul>   | (1 x 2)       | (2) |
|     | 1.2.2 | <i>[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V1]</i> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lande waar die regering volkome beheer het oor die mense en die manier waarop hulle leef.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (1 x 2)       | (2) |
|     | 1.2.3 | <i>[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]</i>        | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Marshall-plan sal vryheid na Europese lande bring.</li> <li>• Sukses van die Marshall-plan sal Europa teen kommunisme beskerm.</li> <li>• Ekonomiese herstel sal die voortsetting van kapitalisme en demokrasie verseker.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul> | (Enige 1 x 2) | (2) |
|     | 1.2.4 | <i>[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]</i>        | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Europese lande sou tot totalitarisme gedwing word.</li> <li>• Kommunisme sou in Europa gedwing word.</li> <li>• Daar sou konflik tussen kommunisme en kapitalisme wees.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 2 x 2) | (4) |



- 1.2.5 *[Evaluasie van bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*  
**Die bron is bruikbaar omdat:**
  - Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat Truman in 1949 gemaak het.
  - Truman is die VSA president wat die Marshall-plan goedgekeur het.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.3 1.3.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1C – V2]*
  - Ekonomiese bystand gegee aan Europese lande wie se ekonomiese deur die Tweede Wêreldoorlog vernietig is.
  - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
  - Die Marshall-plan het broodnodige handelsdollars voorsien.
  - Het Wes-Europa gered van om 'n sosialistiese pad te volg. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
  - Seker gemaak dat daar geen herhaling was van die chaos wat na die Versailles-ooreenkoms van 1919 ontstaan het nie.
  - Verhoed dat verloorders in kommunisme verval.
  - Om markte vir Amerikaanse handel oop te maak.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
  - Die VSA herbou Europa met die Marshall-plan.
  - Ekonomiese van oorloggeteisterde lande sal begin groei.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
  - Die Marshall-plan sal vrede na Europa bring.
  - Lande wat voordeel trek uit die Marshall-plan sal deur die VSA beskerm word.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
  - Die Marshall plan was 'n VSA plan vir Europese herstel.
  - Die fondse vir Europese herstel het uit die VSA gekom.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1C en Bron 1D – V3]*
  - Beide bronne dui aan dat Amerikaanse dollars gebruik is vir die Europese herstel.
  - Bron 1C meld dat die Marshall-plan geleei het tot vinnige ekonomiese herstel in Europa, en Bron 1D; die groeiende blare dui die ekonomiese herstel aan.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 1.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronre – V3]

- Die ekonomiese situasie in Europa was verwoes deur die Tweede Wêreldoorlog. (Bron 1A)
- Die tekorte aan verbruikersgoedere het na die oorlog vererger. (Bron 1A)
- Talle lande in Europa kon nie hul skuld betaal nie en handel was erg geraak. (Bron 1A)
- Die VSA het die Marshall-plan vir die herstel van die Europese ekonomie geïmplementeer.
- Truman het geglo dat die Marshall-plan nodig was om die vryheid van Europese lande te beskerm (Bron 1B)
- Die VSA het geglo dat die Marshall-plan demokrasie en kapitalisme sou beskerm. (Bron 1B)
- Die Marshall-plan was gebruik om die verspreiding van kommunisme in Europa te beperk.
- Die Marshall-plan het Amerikaanse dollars verskaf om Europese herstel te bevorder. (Bron 1C)
- Beide die wenners en verloorders het baat by die Marshall-plan gevind. (Bron 1C)
- Verloorders moes bygestaan word sodat hulle nie tot kommunisme wend nie. (Bron 1C)
- Die ekonomiese situasie in Europa het herleef.
- Enige ander relevante antwoord.

(8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon min of geen begrip van <b>hoe die Marshall-plan ekonomiese en politieke onstabilitet in Europa in die 1940's aangespreek het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., <b>toon 'n bietjie begrip van hoe die Marshall-plan ekonomiese en politieke onstabilitet in Europa in die 1940's aangespreek het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	<b>PUNTE 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv., <b>toon 'n deeglike begrip van hoe die Marshall-plan ekonomiese en politieke onstabilitet in Europa in die 1940's aangespreek het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effekief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE 6–8</b>

(8)

[50]

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE BUITELANDSE MAGTE IN 1975 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

- 2.1 2.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*  
    • Teen die heerskappy van 'n land deur 'n vreemde land.  
    • Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*  
    • MPLA  
    • UNITA  
    • FNLA (3 x 1) (3)
- 2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*  
    • Vir mag (1 x 1) (1)
- 2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*  
    • Hulle het gevoel dat die beweging die belangte van die VSA in Angola die beste verteenwoordig.  
    • Om te keer dat die kommunisties belynde MPLA Angola regeer.  
    • Om die verspreiding van kommunisme in Suidelike-Afrika te voorkom.  
    • Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*  
    • Zaïre  
    • Suid-Afrika (2 x 1) (2)
- 2.2.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2B – V2]*  
    • Aanval op Angola deur buitelandse lande.  
    • Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*  
    • Die VSA wou nie gesien word dat hulle inmeng in die sake van Angola nie.  
    • Die VSA wou verseker dat 'n VSA-vriendelike regering in Angola opgerig word.  
    • Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*  
    • Die MPLA het Kuba versoek om hulle by te staan wanneer hulle deur buitelandse lande angeval word.  
    • Om die kommunisties georiënteerde MPLA te help om aan bewind te bly.  
    • Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Om te toon hoe die Kubaanse soldate Angolese tydens die Angolese Burgeroorlog gehelp het.
  - Daar was 'n goeie verhouding tussen Kuba en Angola.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die Angolese het die ingryping van die Kubane verwelkom.
  - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Russe
  - Kubane (2 x 1) (2)
- 2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Toe Suid-Afrikaanse troepe vroeg in Oktober Angola begin binneval het, was daar skaars Russe en baie min Kubane in die land. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- MPLA was deur die Kubane en die Russe bygestaan.
  - MPLA was vriendelik teenoor SWAPO wat teen Suid-Afrika in Suidwes-Afrika geveg het.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Zaïre
  - Zambië (2 x 1) (2)
- 2.4.5 *[Evalueer die beperkinge van bewyse uit Bron 2D – V3]*  
**Die bron is beperk omdat:**
- Dit slegs Suid-Afrika se standpunt gee.
  - Dit bevooroordelend teen Kuba en Rusland is.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en Bron 2C – V3]*
- Beide bronne toon dat Kuba by die Angolese Burgeroorlog betrokke was.
  - Bron 2B noem dat 'n bataljon gereelde(ervare) troepe deur Kuba gestuur is na Angola. Bron 2C is 'n foto van Kubaanse troepe in Angola.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)



## 2.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronre – V3]

- In 1975 het Portugal aan Angola sy onafhanklikheid gegee sonder behoorlike magsoordrag.
- Die MPLA, UNITA en FNLA het meegeding om mag wat tot 'n burgeroorlog gelei het.
- Die burgeroorlog het tot die wapenwedloop gelei aangesien die drie bevrydingsbewegings deur buitelandse moondhede bygestaan is. (Bron 2A)
- Die VSA het die FNLA in die geheim bygestaan met fondse om hul belangte in Angola te beskerm. (Bron 2A)
- Die Sowjetunie het die MPLA met wapens en oorlogstoerusting bygestaan. (Bron 2A)
- Kuba het militêre raadgewers gestuur en opleidingskampe vir die MPLA bestuur. (Bron 2A)
- Suid-Afrika het wapens en opleiding aan beide UNITA en FNLA verskaf. (Bron 2A)
- Fidel Castro het die VSA daarvan beskuldig dat hulle Zaïre en Suid-Afrika teen MPLA aangehits het. (Bron 2B)
- Kuba was op versoek vir bystand deur die MPLA in Angola betrokke.
- Vorster het Rusland en Kuba die skuld gegee vir die ingryping van Suid-Afrika in Angola. (Bron 2D)
- Suid-Afrika wou keer dat MPLA in Angola aan bewind is. (Bron 2D)
- Zambië en Zaïre het Suid-Afrika se ondersteuning vir UNITA en FNLA verwelkom. (Bron 2D)
- Die betrokkenheid van buitelandse lande het die burgeroorlog laat toeneem.
- Die Angolese Burgeroorlog het 'n slagveld vir die Koue Oorlog kompetisie geword.
- Enige ander relevante antwoord.

(8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon min of geen begrip van <b>hoe kom buitelandse moondhede by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie.</li> </ul>	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., toon 'n mate van begrip <b>hoe kom buitelandse moondhede by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv., <b>hoe kom buitelandse moondhede by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effekief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	PUNTE 6–8

(8)

[50]



### **VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE 1960's STEMREG VIR SWARTE IN DIE VSA BEREIK?**

- |     |       |   |   |               |     |
|-----|-------|---|---|---------------|-----|
| 3.1 | 3.1.1 | [Definisie van 'n konsep uit Bron 3A – V1]  | <ul style="list-style-type: none"> <li>Regte wat deur al die burgers geniet word.</li> <li>Persoonlike regte wat deur die grondwet beskerm word.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (1 x 2)       | (2) |
|     | 3.1.2 | [Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Suidelike Christelike Leierskap Konferensie (SCLC)</li> <li>Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC)</li> </ul>  | (2 x 1)       | (2) |
|     | 3.1.3 | [Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]   | <ul style="list-style-type: none"> <li>George Wallace, goewerneur van Alabama, was 'n berugte teenstander van desegregasie.</li> <li>Die plaaslike geregsbode (sheriff) in Dallas County het 'n standvastige opposisie teen swart kiesersregistrasie dryf gelei.</li> </ul>   | (2 x 1)       | (2) |
|     | 3.1.4 | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2] | <ul style="list-style-type: none"> <li>Om te wys dat swart mense in teenstelling met die sienings van die segregasioniste, swartmense daarin belanggestel het om te stem.</li> <li>Toename in die aantal swart kiesers sal sommige regte wen vir swart mense.</li> <li>Daar sal in die belang van die swart mense voorsiening gemaak word.</li> <li>Enige ander relevante antwoord</li> </ul> | (Enige 1 x 2) | (2) |
| 3.2 | 3.2.1 | [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Om SNCC se eerste veldpersoneel te word</li> <li>Hulle tot voltydse bewegingswerk te verbind.</li> </ul>   | (2 x 1)       | (2) |
|     | 3.2.2 | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2] | <ul style="list-style-type: none"> <li>Swartes was aangeval toe hulle probeer het om te registreer om te stem.</li> <li>Vroeër pogings om te registreer om te stem was nie suksesvol nie.</li> <li>Swartes het hoop verloor om gelyke regte te verkry.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 2) | (4) |
|     | 3.2.3 | [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Stemregtewet.</li> <li>Wat die kiesers uitgebrei het</li> <li>Die ondemokratiese wurggreep van die suidelike Dixiecrats beëindig het.</li> <li>Het die nasionale Demokratiese Party meer eksplisiet verteenwoordigend gemaak (in ras en geslag)</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 1) | (2) |



- 3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Staatstroope het die optoggangers met knuppels aangeval
  - Optoggangers hardloop weg sonder om terug te veg.
  - 'n Vreedsame optog wat in 'n Bloedige Sondag ("Bloody Sunday") verander het.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Hulle het die opdragte van die goewerneur gevolg.
  - Hulle was teen integrasie gekant/het segregasie ondersteun.
  - Hulle was rassiste.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.3.3 *[Bepaling van die betroubaarheid van bewyse uit Bron 3C – V3]*  
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Die foto 'n primêre bron is wat tydens die gebeurtenis geneem is.
  - Bloedige Sondag ("Bloody Sunday") deur ander bronne gestaaf kan word.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)
- 3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- John Lewis
  - Hosea Williams
- (2 x 1) (2)
- 3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Menige mense het van die werk van die Burgerregtebeweging bewus geword.
  - Meer mense het simpatie gehad met swartmense in die VSA.
  - Lidmaatskap van die Burgerregtebeweging het toegeneem .
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- wie se weiering om haar sitplek op 'n Montgomery bus prys te gee, het gehelp om die moderne Burgerregtebeweging te begin.
- (1 x 2) (2)
- 3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die optog het tot die aanname van die Stemregwet. (Voting Rights Act.) geleei
  - Die federale regering was gedwing om op te tree.
  - Die aantal swart kiesers in die VSA het toegeneem.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3C en Bron 3D – V3]*
- Beide bronne toon dat die Burgerregtebeweging vir die stemreg van swartes geveg het.
  - Bron 3C wys hoe die optoggangers deur die staatstroope aangeval word.
  - Bron 3D bevestig dat die optoggangers deur staatstroope op Bloedige Sondag ("Bloody Sunday") aangeval was.
  - Beide bronne toon dat die optoggangers vreedsaam was.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

## 3.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronre – V3]

- Die Burgerregtewet wat in 1964 aangeneem is het diskriminasie, gebaseer op ras, tydens stemming verbied; maar Swartes was nog steeds stemreg in die suidelike stede van die VSA verbied. (Bron 3A)
- Die Burgerregtebeweging het voortgegaan om swartes aan te moedig om te registreer om te stem. (Bron 3A)
- In 1965 het Martin Luther King jnr. en die SCLC 'n swart kiesers-registrasieveldtog in Selma, Alabama begin. (Bron 3A)
- Beide die goewerneur van Alabama en die plaaslike geregsbode was teen integrasie en die swart kiesers registrasieveldtog gekant (Bron 3A)
- Slegs 2 persent van swartes in Selma kon daarin slaag om te registreer om te stem as gevolg van die weerstand teen swart stemmery (Bron 3A)
- Lede van die SNCC het deur tot deur gegaan om swartes aan te moedig om te registreer om te stem. (Bron 3B)
- Sommige het met skool en werk opgehou om voltyds die werk van die beweging te doen. (Bron 3B)
- Hulle werk het tot die aanneming van die Stemregwet en 'n toename in die aantal geregistreerde aantal swart kiesers geleid. (Bron 3B)
- Op Sondag 7 Maart 1965 het Lewis en Williams 'n vreedsame optog in Selma geleid. (Bron 3B)
- Staatstroope het die optoggangers met geweld ontmoet en dit het in die Bloedige Sondag ("Bloody Sunday") ontaard, wat regstreeks in die media gepubliseer was. (Bron 3B)
- Die Bloedige Sondag ("Bloody Sunday") het die federale regering gedwing om die Stemregtewet aan te neem.
- Enige ander relevante antwoord.

(8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv., <b>toon min of geen begrip van hoe die Burgerregtebeweging in die 1960's stemreg vir swartes in die VSA verkry het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie.</li> </ul>	<b>PUNTE 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. <b>toon 'n bietjie begrip van hoe die Burgerregtebeweging in die 1960's stemreg vir Swartes in die VSA verkry het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	<b>PUNTE 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv., <b>toon 'n deeglike begrip van hoe die Burgerregtebeweging in die 1960's stemreg vir swartes in die VSA verkry het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effekief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>PUNTE 6–8</b>

(8)  
[50]

**AFDELING B: OPSTELVRAE****VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**Kandidate moet 'n gebalanseerde reaksie verskaf wat die militêre strategieë van beide die VSA en die Viëtkong in Viëtnam tussen 1963 en 1973 krities bespreek.**

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities kan bespreek waarom die VSA nie in staat was om 'n klein nasie Viëtnamiese kleinboere tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1973 te verslaan nie. 'n Oorsig van die taktiek en strategieë wat deur die VSA se weermag en die Viëtminh/Viëtkong (Nasionale Vryheidsfront) aangewend is tydens die oorlog moet ook uitgelig word. 'n Ontleding van hoe die Viëtkong die Amerikaanse weermag kon oorskry, moet oor uitgebrei word.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet die stelling krities bespreek en 'n relevante argument ontwikkel.

**UITBREIDING**

- Die Geneefse-ooreenkoms het verkiesing belowe om die land teen 1956 te verenig.
- Die VSA wou die verspreiding van kommunisme in Suidoos-Asië verhoed – die 'Domino Effek'
- Die VSA stuur wapens en adviseurs – misluk.
- Veilige dorpie-stelsel (Villagisation) / Kleinboeredorpie-strategie (strategic hamlet programme) (VSA en die Suid-Viëtnamiese regering skep nuwe dorpies en het gepoog om dorpenaars (kleinboere) van die guerrillas te skei) wat 'n mislukking was.
- Viëtnamiese kleinboere was ook guerrillas (Viëtkong) en was nie maklik identifiseerbaar deur die VSA soldate nie.
- Die Golf van Tonkin resolusie (1964) het President Johnson wye militêre magte gegee wat het tot die uitbreiding van oorlogvoering in Viëtnam gelei het.
- Die VSA het Operasie Rollende Donderweer (Operation Rolling Thunder) van stapel gestuur om die Ho Chi Minh-roete te vernietig – misluk – het tot meer ondersteuning vir die Vietkong gelei
- Die Vietkong het die Tet-offensief van stapel gestuur (1968) – neem omtrent 80% van stede en dorpe oor
- Die Tet-offensief het publieke opinie teen die oorlog gedraai.
- Die Viëtkong was baie ervare nadat hulle bevryding teen koloniale heerskappy geveg het / die VSA het jong onervare dienspligtiges (opgeroepte soldate) gestuur, die Amerikaanse weermag was nie in guerrilla oorlogvoering opgelei nie.
- 'Operation Ranch Hand' – het chemiese middels gebruik om die woude (Agent Orange) en gewasse (Agent Blue) te verwoes.
- Die VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.
- Die hoogs doeltreffende gebruik van guerrillataktiek deur die Viëtkong het Amerikaanse strategieë frustreer.



- Die VSA gebruik soek-en-vernieting-beleide (missies) – wat tot groot aantal burgerlike sterfgevalle lei
  - Die My Lai-slagting het die beeld van die VSA 'n knou gegee.
  - Die media het druk op die Amerikaanse regering geplaas om van die oorlog te onttrek.
  - Studente en ontwapensbewegings het teen Amerikaanse betrokkenheid by die oorlog geprotesteerd.
  - President Nixon se Vietnamisasie beleid / sluit WHAM (Winning the hearts and mind of the Vietnamese) in, was 'n poging deur die VSA om Amerikaanse troepe te onttrek en was 'n poging om sy beeld te red ('save face')
  - Die VSA onttrek alle troepe teen 1973 en Noord Viëtnam neem beheer van Saigon in 1975 oor.
  - Viëtnam was onder kommunistiese beheer verenig.
  - Enige ander relevante antwoord.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat. [50]



**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

*[Beplan en konstreeer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. Deur met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe Mabuto Sese Seko se politieke en ekonomiese beleid daarin geslaag het om die Kongo tot 'n welvarende land te ontwikkel nadat hulle onafhanklikheid van België in die 1960's verkry het. As die kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie met die stelling saamstem nie. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING****Ekonomiese beleid**

- Koloniale erfenis: (as agtergrond inligting)
  - Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op ontginning van katoen; rubberplantasies; en myne (koper, tin en diamant) deur koloniale maatskappye; Winste uit minerale (myne) gebaseer op uitbuiting van Kongolese werkers
  - By onafhanklikheid is Kongo as die welvarendste beskou, maar met die ekonomiese rykdom wat deur buitelandse eienaars besit word
- Erf 'n kapitalistiese ekonomie van België
- Aanvanklik was die ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders gelaat
- Die land se ryk, natuurlike hulpbronne van koper, kobalt, diamante en ander materiale het buitelandse beleggings gelok
- Nasionalisering: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialisasieplan te finansier
- Genasionaliseerde maatskappye in buitelandse besit sonder vergoeding
- Buitelandse maatskappye was onder beheer van sy familielede en bondgenote geplaas
- Het Zaïrenasie ingestel. (vervang buitelanders met Zaïrese burgers)
- Zaïrenasie lei tot korupsie, diefstal en wanbestuur
- Die ekonomie was gekenmerk deur nepotisme en elitisme (het 'n groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm) geskep
- Swak ekonomiese beleide het tot die agteruitgang van infrastruktuur soos paaie ens., geleli
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangestelde publieke amptenare hul posisies vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu was gedwing om retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) ingestel
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Die Kongo se ekonomie het ineengestort
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings bv., van die Wêreldbank



**Politieke beleid**

- Koloniale nalatenskappe: (as agtergrond inligting)
  - Paternalisme – Kongolesse is soos kinders behandel – met geen verantwoordelikheid met betrekking tot die administrasie of verteenwoordiging in die regering nie;
  - Politieke partye is verbied en met vinnige Belgiese onttrekking – as gevolg van die 1959 Leopoldville-opstande – is baie politieke partye (verteenwoordig verskillende streke en etnisiteit) gevorm; politieke partye het volgens streeks- en etniese groepering gevorm.
  - 120 politieke partye het aan die 1960 verkiesings deelgeneem; geen enkele politieke party het 'n volstrekte meerderheid behaal nie – Patrice Lumumba se Movement National Congolese (MNC) het die meeste van die setels gewen omdat dit anders as ander streekpartye 'n mate van landwye steun gehad het
  - Gebrek aan politieke eenheid
- Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword met Joseph Kasavubu as president en Patrice Lumumba as eerste minister. Joseph Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat moet wees terwyl Patrice Lumumba vir 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering was/Lumumba was ook in konflik met Moïse Tshombe
- Kongo het begin met baie politieke onstabiliteit – met Tshombe wat gefokus het op afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid
- Mobutu het 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit (op 'n vorm van outorisasie gebaseer) te bring
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe grondwet as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR) gegee
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword, met alle opposisie wat onderdrukwas
- Mobutu het 'n persoonliheidskultus/ideologie ontwikkel (Mobutuisme)
- Mobutuisme het Kongo 'n outokratiese staat gemaak met Mobutu as die militêre diktator.
- Mobutu was deur die VSA ondersteun omdat hy as 'n anti-kommunistiese bondgenoot beskou was
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkomste beheer
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diogene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoonde plaaslike mense vervang – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het.
- Hy het nepotisme toegelaat (kleptokrasie)
- Mobutu was lewenslange president tot en met sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat. [50]

## VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE SWARTMAGBEWEGING

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie daarin geslaag het om Afro-Amerikaners te organiseer om diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's uit te daag. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

### HOOF ASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Swartmag-filosofie daarin geslaag het om swart-Amerikaners te organiseer om diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's uit te daag. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- Omstandighede in die VSA: (Agtergrond inligting)
  - Swart-Amerikaners is steeds ekonomies en polities onderdruk in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
  - Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/onvoldoende fasiliteite)
  - Swart-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - Swart-Amerikaners was aan polisiebrutaliteit onderwerp – het tot die groei van nasionalistiese gevoelens gelei
- Swartmag-filosofie wat vir selfgelding gepleit het; selfstandigheid; swart trots; beheer van politiek in hul eie gemeenskappe (voorgestaan deur Stokely Carmichael); swart-Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm; Swartes om vryheid van Blanke gesag te soek; bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-klere en het die slagspreuk 'Black is beautiful' geskep (het daarin geslaag om minderwaardigheidskompleks uit te skakel)
- In 1966 stig Bobby Searle en Huey Newton die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging – teen polisiebrutaliteit (het daarin geslaag om swart Amerikaners aan te moedig om selfgeldend te wees)
- Die Tienpuntplan is aangeneem om sy sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te dek
- Die Black Panther Party het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter (armoe uitgeskakel)
- Die BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid onder die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei
- Die BPP se kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien
- BPP-lede het die strate gepatrolleer om polisieaktiwiteite te monitor (polisieer die polisie) en hulself teen polisiebrutaliteit te verdedig
- Die BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig moet word



- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder
  - Hy het aangevoer/geredeneer dat bloedvergieting nodig is vir revolusie (swart nasionalisme) en hy het selfrespek en selfdissipline voorgestaan
  - Bevorder die konsep van 'Black Pride' (selfbeeld/selfrespek/selfhulp)
  - Moedig swart-Amerikaners aan om op enige moontlike manier teen wit Amerikaanse gesag op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid
  - Ondersteun die gebruik van geweld as 'n manier van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het
  - Stokely Carmichael het geglo dat die nie-gewelddadige strategie misluk het as gevolg van geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het
  - Bepleit/verkondig die uitsluiting van wit 'liberale' as 'n filosofie vir swart-Amerikaners
  - Hy het die idee bevorder om die VSA in aparte swart en wit lande te verdeel
  - Hy was gekant teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
  - Impak: die mees voor die handiggende vorme van rassediskriminasie was beëindig
  - Rassegeweld en spanning het afgeneem
  - Swart-Amerikaners is tot openbare ampte verkies
  - Behuising en fasiliteite van swart Amerikaners is verbeter
  - Swart geletterdheid en afhanklikheid van staatstoelaes was beperk
  - Regstellendeaksie-beleide vir federale indiensneming is ingestel
  - Enige ander relevante antwoord.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumemente met 'n relevante slot saamvat. [50]

TOTAAL: 150

